

# B-graad in Datawetenskap

(BDatWet)



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

Die Universiteit Stellenbosch beoog om 'n nuwe graadprogram in Datawetenskap – met 'n werklik multidissiplinêre aard – vanaf 2021* aan te bied.

**BDatWet is 'n vierjarige graadprogram wat deur vier fakulteite aangebied sal word, naamlik die Fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, AgriWetenskappe, Lettere en Sosiale Wetenskappe, asook Natuurwetenskappe.**

Graduandi met 'n graad in Datawetenskap kan hul vaardighede inspan om regte probleme in velde so uiteenlopend soos genetika, gesondheidsorg, e-handel, finansies, die owerheidsektor of kleinhandel (om enkeles te noem) op te los.

Die program sal 'n diverse studentegroep die geleentheid bied om kennis in grondslagmodules soos statistiek, rekenaarwetenskap en wiskunde op te doen. Hulle sal ook aan nuwe tegnologieë en konsepte op die gebied van datawetenskap blootgestel word. Saam met dié stewige basis sal studente 'n fokusarea in 'n dataryke omgewing kan kies – wat beteken dat hulle die nodige domeinkennis in hul gekose veld opdoen.

Hierdie vierjaargraad is die enigste van sy soort in Suid-Afrika. Graduandi wat die program voltooi het, kan met hul meestersgraad in hul gekose studieveld voortgaan.




**Die vierde industriële revolusie bring wesenlike veranderinge vir die wetenskap en die bedryfsektor mee. Kunsmatige intelligensie, masjienleer, neurale netwerke *(deep learning)*, groot data – dis almal kernbegrippe van 'n dissipline bekend as Datawetenskap.**

**Take regoor byna alle terreine word toenemend meer afhanklik van data, en dié voortgesette transformasie van werk vereis 'n aansienlike kader talentvolle graduandi met hoogs ontwikkelde datawetenskaplike vaardighede en kennis.**

**'n Kwalifikasie in Datawetenskap is derhalwe besonder gesog en kan die deur tot vele werksgeleenthede oopmaak.**



## BEROEPSFOKUS

Om studente te help om hulle op 'n spesifieke beroepsfokus toe te spits, word sekere modulekombinasies voorgestel. BDatWet bied vakkombinasies vir die volgende fokusareas:

1. **Statistiese Leer**
   (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
2. **Rekenaarwetenskap**
   (Fakulteit Natuurwetenskappe)
3. **Analitiek en Optimering**
   (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
4. **Toegepaste Wiskunde**
   (Fakulteit Natuurwetenskappe)
5. **Gedragsekonomie**
   (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
6. **Statistiese Genetika** *(onderhewig aan bevestiging)*
   (Fakulteit AgriWetenskappe)
7. **Geoinformatika**
   (Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)
8. **Statistiese Fisika**
   (Fakulteit Natuurwetenskappe)

Om die leerplanne van die onderskeie fokusareas te sien, kyk by www.sun.ac.za/datascience. Namate die program ontwikkel danksy nuwe vertakkings in datawetenskap, kan nuwe fokusareas bygevoeg word.

## TOELATINGSVEREISTES

Hierdie graadprogram is gemik op weetgierige, kwantitatief-ingestelde individue wat oor sterk wiskundige vermoëns beskik en daarvan hou om probleme op te los.

Die minimum vereistes vir toelating tot die BDatWet-program is:

**BDatWet**
NSS-gemiddeld 80% (Hierdie gemiddeld is op die punte van jou ses beste vakke – Lewensoriëntering uitgesluit – gebaseer.)

Wiskunde 80%

Huistaal 60%

Indien Engels nie die huistaal is nie, dan Engels Eerste Addisionele Taal 75%

**Let wel:**

- Toelatingsvereistes kan gedurende die jaar verander. Vir die jongste inligting, kyk by www.sun.ac.za/datascience.
  *Die implementering van hierdie program in 2021 is onderhewig aan eksterne akkreditasie-prosesse.



**Vir verdere inligting, kyk by:**
**www.sun.ac.za/datascience**

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018